**Notule** van die **10de Gewone Maandelikse** vergadering
van die **Plaaslike Raad** vir **Beaufort-Wes**

gehou in die Christian Centre Family Church International
Disastraat*, Beaufort-Wes*

op **Dinsdag, 08 Desember 2015**

om **10:05**

**TEENWOORDIG:**

Raadslede: SM Motsoane [Speaker], EAJ Beyers [Uitvoerende Onder-Burgemeester] GP Adolph J Bostander [10:35], G de Vos, L Deyce, M Furmen [10:30], DE Welgemoed, AM Slabbert

**AFWESIG:**

Raadsheer T Prince [Uitvoerende Burgemeester] (uitstedig), Raadslede: GT Murray (*verskoning*), R van der Linde en AD Willemse

**IN DIENS:**

Munisipale Bestuurder, Direkteur; Elektrotegniese Dienste, Direkteur: Ingenieursdienste, Direkteur: Korporatiewe Dienste, Wrnde. Direkteur: Gemeenskapsdienste (RE Klink) en Senior Klerk: Komitees

**1. VERKIESING VAN WAARNEMENDE SPEAKER**

**GEEN**

**2. AANSOEKE VIR VERLOF VIR AFWESIGHEID**
3/4/1

| **Raadsheer** | **Verlof Datum** |
|---|---|
| **Raadslid GT Murray** | 08 Desember 2015 |
| **Raadsheer T Prince** | 08 Desember 2015 |

Die Speaker meld dat slegs item 6 bespreek gaan word en dat die vergadering verdaag na bespreking daarvan sal omrede daar verrigtinge by die hof is wat die Raad se ondersteuning benodig. Voorts en dat die Raadsvergadering op Donderdag, 10 Desember 2015 om 10:00 in die Munisipale Raadsaal voortgesit gaan word.

**6. Onderhoude met afvaardigings**

**6.1 PRESENTATION: DISTRIBUTION OF COMPACT FLUORESCENT LAMPS (CFLS) WITHIN YOUR MUNICIPALITY**
13/7/11/1

Mr Omer of ESKOM made a presentation to Council that they plan to replace old bulbs with compact fluorescent lamps in Beaufort West and surrounding areas and request to assist ESKOM with:-

- Plans of Beaufort West and surrounding towns; and
- Where they need the Municipality's assistance to enter a house to replace the fluorescent lamps.

**RESOLVED**

dkd That the Administration assist ESKOM where needed.

Die Munisipale Bestuurder meld dat Raadslid AD Willemse bedank het as Raadslid en dat Mnr. Rainey Hugo Raadslid Willemse op die raad vervang, waarna die Speaker meld dat 'n skrywe vanaf die IEC ontvang moet word om mnr. Hugo se aanstelling te bevestig.

Die vergadering verdaag synde 11:20.

By aanvang van die vergadering op **Donderdag, 10 Desember 2015** om **10:10** in die Munisipale Raadsaal, Kerkstraat 15, Beaufort-Wes is die volgende:

**TEENWOORDIG:**

Raadsheer T Prince [Uitvoerende Burgemeester], Raadslede: SM Motsoane [Speaker], EAJ Beyers [Uitvoerende Onder-Burgemeester], G de Vos, L Deyce, M Furmen [10:30], DE Welgemoed, R van der Linde

**AFWESIG:**

Raadslede: GP Adolph (siek), J Bostander, GT Murray (*verskoning*) en AM Slabbert

**IN DIENS:**

Wrnde Munisipale Bestuurder [AC Makendlana], Direkteur; Elektrotegniese Dienste, Direkteur: Ingenieursdienste, Direkteur: Korporatiewe Dienste, Wrnde. Direkteur: Gemeenskapsdienste (RE Klink), Direkteur: Finansiële Dienste en Senior Klerk: Komitees

**3. GOEDKEURING VAN NOTULES –**

Raadslid G de Vos gesekondeer deur Raadslid L Deyce stel voor dat die onderstaande notules, goedgekeur en aanvaar word:-

3.1 9^ste^ Gewone Maandelikse vergadering van die Plaaslike Raad vir Beaufort-Wes gehou op **Dinsdag, 24 November 2015**

3.2 9^ste^ Gewone Maandelikse vergadering van die Plaaslike Raad vir Beaufort-Wes gehou op **Dinsdag, 24 November 2015** [Afsonderlike Notuleboek]

**EENPARIG AANVAAR**
**ALDUS BESLUIT**

**4. VERKLARINGS EN MEDEDELINGS DEUR DIE SPEAKER**
3/4/1

Baie dankie

Die Speaker meld dat daar 'n vergadering belê moet word om die agterstallige munisipale rekeninge en die oop- en toesluit van die kantore te bespreek. Dat daar voortgegaan word om aan mense amnestie te gee wie krag steel, omdat die mense wie daardeur geraak word ons mense is. Ons moet ook aandag gee dat ons mense geskool moet word om die diefstal van krag te laat afneem.

Daar is vir huise aansoek gedoen om herstel te word wat deur brand of vandalisme beskadig en verneem die Speaker wat die mate van vordering is met betrekking vordering van die herstel van hierdie wonings.

Daar is wonings soos in Sterlizialaan en Petuniastraat se riool wat in opstoot in Smile-, Tshona en Lawrencelaan alle riool loop terug na 'n sekere huise in Plazaweg. Daardie riole moet vervang word deur middel van MIG Fondse. Daar moet ook na die aanskakel van krag gedurende die Desember vakansie gekyk word, sodat ons mense nie sonder krag hierdie vakansie is.

## 5. VERKLARINGS EN MEDEDELINGS DEUR DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

3/4/1

Baie dankie Speaker

Ek wil graag saam stem met die Speaker wat gesteelde krag betref, dat die mense kwytskelding gedurende die Kersseisoen moet kry. Dat daar onderneem word dat die krag oopgemaak moet word sodat mense nie in die donker gehul moet word nie. Graag wil ons ook toestemming verleen dat die krag op 'n 50/50 basis oopgemaak word tot verdere kennis.

Dat die maatreëls met betrekking tot die uitvoering van die besluite vandag nog afgehandel moet word. Dat alle Raadslede moet kennis neem van die Raad se afskeidgeselligheid en dat alle Senior personeel saam met Direkteure en Raadslede hierdie aangeleentheid bywoon as blyk van waardering. Daar moet ook na die bonusse van tydelike werkers gekyk word. U moet ook kennis neem dat daar buite 'n verwarring is met betrekking tot die oortyd en bonusse van tydelike werkers en dat die aanbeveling van die Direkteur: Finansiële Dienste so aanvaar word.

Baie dankie

## 6. Onderhoude met afvaardigings

## 6.2 PRESENTATION: CUL DON PROJECTS

13/2/5/3

'n Verteenwoordiger van Cul Don Projects maak 'n voorlegging aan die Raad waarin hulle die Raad versoek om grond om 'n solar plaas van R1.5 biljoen op te rig en 'n 'office' plaas op te rig ten bedrae van R500 miljoen waarna die Raad soos volg:-

**BESLUIT**

dkd

Dat Cul Don Projects met die Administrasie in verbinding tree met betrekking tot die grootte van die grond en waar die grond geleë is wat deur hulle benodig word vir die oprigting van die solar plaas. Voorts dat 'n "letter of intent" aan Cul Don Projects voorsien word.

## 6.3 VORDERING: BRIGHT IDEA PROJECTS

13/2/5/3

Mnr. H Maswanganyi van Enertis namens Bright Idea Projects meld aan die Raad dat hulle nogsteeds wag vir die "letter of intent" om voort te gaan met hul projek vir die moontlike vestiging van 'n sonplaas vir 15 megawatt in Beaufort-Wes.

**BESLUIT**

mb Dat die "letter of intent" aan Bright Idea Projects voorsien word.

## 7. OORWEGING VAN VERSLAE DEUR DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

**GEEN**

## 8. DRINGENDE AANGELEENTHEDE DEUR DIE MUNISIPALE BESTUURDER

### 8.1 LANGDIENSTOEKENNING
4/6/1/6

**GEEN**

### 8.2 EMPLOYEES: ACHIEVEMENT OF CERTIFICATES
SP

**NOTED**

### 8.3 SKEDULE VAN VERGADERINGS: JANUARIE 2016 TOT JUNIE 2016
3/4/1

**KENNIS GENEEM**

### 8.4 STUDY BURSARIES: MUNICIPAL EMPLOYEES
4/6/3/1; SP

**RESOLVED**

bpd

That approval be granted that the employees who received bursaries from the Municipality to further their studies but did not complete their studies, be notified to pay back the bursaries they received.

### 8.5 FINAL INTERNAL AUDIT REPORT – PREDETERMINED OBJECTIVES (1ST AND 2ND QUARTER ENDING 31 DECEMBER 2014
5/12/2/2

**RESOLVED**

dcs

That the Internal Audit Report: Audit and Predetermined Objectives for the 1st and 2nd Quarter ending 31st December 2015 received from the Internal Auditor attached as Annexure 009 to 053 of the agenda, be accepted and approved.

### 8.6 AFSKRYF VAN AGTERSTALLIGE SKULDE
5/10/5

aa

Raadslid G de Vos gesekondeer deur Raadslid EAJ Beyers stel voor dat die aansoek om die afskryf van alle agterstallige skuld soos uiteengesit in Bylae 054 tot 596 van agenda, goedgekeur en aanvaar word.

**EENPARIG AANVAAR**
**ALDUS BESLUIT**

**8.7 AANBOD TER VEREFFENING VAN AGTERSTALLIGE SKULD: C JORS / RJ EVERSON: GRIMBEECKSTRAAT 96: ERF 1418: REK. NO. 023554/023555**
5/10/5

aa

Raadslid G de Vos gesekondeer deur Raadslid L Deyce stel voor dat die aansoek van me. Jors vir die afbetaal van die agterstallige skuld ten opsigte van Grimbeeckstraat 96 goedgekeur en aanvaar word, aangesien die koopkontrak dit bepaal dat me. Jors verantwoordelik is vir die eiendomsbelasting en die dienste.

**EENPARIG AANVAAR**
**ALDUS BESLUIT**

**8.8 AANSOEK OM AANKOOP VAN GROND: VOORMALIGE "ESSENTIAL OILS" PERSEEL: Rdl. R. VAN DER LINDE**
7/3/4/1/1

Raadslid R van der Linde verlaat die vergadering tydens die bespreking van hierdie item.

**BESLUIT**

ba

Dat die aangeleentheid oorstaan en dat die Administrasie versoek word om ondersoek in te stel op watter manier Raadslid van der Linde gehelp kan word ten einde die erf aan hom te verkoop aangesien hy baie fondse spandeer het en die infrastruktuur van die erf te verbeter.

Raadslid R van der Linde sluit weer by die vergadering aan na bespreking van hierdie item.

**8.9 VOORGESTELDE VERVREEMDING VAN VAKANTE WOONERWE: ESSOPVILLE**
7/3/4/1/3/2

Raadslid EAJ Beyers verlaat die vergadering met die bespreking van hierdie aangeleentheid

**BESLUIT**

ba Dat geen aanbod aanvaar word nie. Voorts dat die voorgestelde vervreemding van vakante woonerwe te Essopville her-adverteer word.

Raadslid EAJ Beyers sluit weer by die vergadering aan na bespreking van hierdie aangeleentheid.

**8.10 SUPPLY CHAIN MANAGEMENT MONTHLY IMPLEMENTATION REPORT: OCTOBER 2015**
8/1/1/2/3

dkd

Councillor G de Vos seconded by Councillor EAJ Beyers proposed that the Supply Chain Management Monthly Implementation Report for October 2015 attached as Annexure 622 to 635 of the agenda, be accepted and approved.

**UNANIMOUSLY ACCEPTED**
**THUS RESOLVED**

## 8.11 BELEID TEN OPSIGTE VAN DIEFSTAL VAN ELEKTRISITEIT

13/2/1

**BESLUIT**

aa

8.11.1 Dat die boetes vir diefstal van elektrisiteit tydelik opgehef word totdat hierdie item afgehandel word.

8.11.2 Dat hierdie aangeleentheid by die eersvolgende Raadsvergadering bespreek word.

## 8.12 PRIORITISERING VAN STRATE WAT DEUR MIG GEDOEN KAN WORD

13/3/1

**BESLUIT**

dkd

Dat al die ondergenoemde strate geprioritiseer word om deur MIG gedoen te word:-

| | | |
|---|---|---|
| **Wyk 1** | | |
| Rivierstraat | 218 m | R 951 134.00 |
| Hammerkopstraat | 286 m | R1 247 818.00 |
| **Wyk 2** | | |
| Freddie Max Cresent | 395 m | R1 723 385.00 |
| Bostraat | 435 m | R1 976 439.00 |
| **Wyk 3** | | |
| Bowerslaan | 212 m | R 924 956.00 |
| Leliestraat | 302 m | R1 317 626.00 |
| **Wyk 4** | | |
| Lawrence Avenue | 230 m | R1 003 490.00 |
| Pinyanastraa | 183 m | R 798 429.00 |
| **Wyk 5** | | |
| Eyerstraat | 400 m | R1 745 200.00 |
| Proteastraat | 487 m | R2 124 781.00 |
| **Wyk 6** | | |
| Micheal de Villierslaan/ James Smithlaan | 375 m | R1636 125.00 |
| Sallidonlaan | 905 m | R3 948 515.00 |
| **Wyk 7** | | |
| 9de Laan | 532 m | R2 321 116.00 |
| Blankenweg | 536 m | R2 338 568.00 |

goedgekeur en aanvaar word.

**8.13 OUTSTANDING PAYMENTS: PAUPER BURIALS**
13/6/1

aa

Councillor EAJ Beyers seconded by Councillor G de Vos proposed:-

8.13.1 That the outstanding payments on the pauper burial amounted to R23 514.00 as set out in Annexure 644 of the agenda, be approved.

8.13.2 That the pauper burial policy be tabled at the next Council meeting for review.

**UNANIMOUSLY ACCEPTED**
**THUS RESOLVED**

**8.14 SUPPORT OF HUMAN SETTELMENT PROJECT PIPELINE FOR BEAUFORT WEST MUNICIPALITY**
14/11/3/1

**RESOLVED**

dkd

8.14.1 That the turn-key housing tender be re-advertised.

8.14.2 That the project that ASLA is currently developing in Prince Valley (S8) should be considered as their last project.

**8.15 PRESENTATION: ASLA**
14/11/3/2/28/5

**NOTED**

**8.16 NOTULE/VERSLAG VAN DIE 2DE ARBEIDSFORUM VERGADERING GEHOU OP 19 NOVEMBER 2015**

**BESLUIT**

bpd

Dat die notule/verslag van die 2de Arbeidsforum vergadering soos gehou op 19 November 2015 soos gesirkuleer, goedgekeur en aanvaar word.

**8.17 VERKLARINGS EN MEDEDELINGS DEUR DIE SPEAKER**
3/4/1

dkd

Dat die mededelings van die Speaker soos aan die Raad voorgehou tydens die 9de Gewone Raadsvergadering soos gehou op 24 November 2015, goedgekeur en aanvaar word.

**8.18 VERKLARINGS EN MEDEDELINGS DEUR DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER**
3/4/1

Dat die mededelings van die Uitvoerende Burgemeester voorgehou tydens die 9de Gewone Raadsvergadering soos gehou op 24 November 2015, goedgekeur en aanvaar word.

**8.19 STAFF VACANCY: DIRECTOR: COMMUNITY SERVICES – MUN 7**

4/3/1

See Separate Minute Book.

**ADDENDUM-AGENDA**

**8.20 VOORGESTELDE ONTWIKKELING VAN ERF 5139: H/V MANDLENKOSIWEG EN VAN SCHALKWYKSTRAAT, BEAUFORT-WES**
12/4/4/2; 12/4/5/2; 7/3/4/1/3/1

Raadslid G de Vos gesekondeer deur Raadslid L Deyce stel voor:-

ba

8.20.1 That a portion of erf 5139 will be made available for the development of a Skills Development Centre subject to the following:-

8.20.1.1 That all development cost be funded by SSETA and construction SETA.

8.20.1.2 That the storm water passage on the applicable portion of erf 5139, be re-routed which cost must be funded by SSETA and construction SETA.

8.20.1.3 That all costs relating to the closure, rezoning, subdivision of erf 5139 and registration of the new erf, must be funded by SSETA and construction SETA.

8.20.1.4 That all costs relating to the connection of services must be funded by SSETA and construction SETA.

8.20.2 That the ownership of the proposed Skills Development Centre will not be transferred to be nominated college but the facility will be availed to a designated college or training institution to be appointed by the Department of Higher Education and Training who will be responsible for operating and maintaining the proposed centre.”

## VERDERE ADDENDUM-AGENDA:

### 8.21 "REVIEW OF MUNICIPAL COUNCIL DECISIONS IMPLEMENTATION RATE (JULY 2011 TO SEPTEMBER 2015)"

3/4/1

**BESLUIT**

kk

Dat hierdie aangeleentheid na die eerskomende Raadsvergadering verwys word vir bespreking.

### 8.22 SALARISSE en BONUSSE VAN PERSONEEL: TYDELIKE WERKERS

4/3/4

**BESLUIT**

bp

Dat die aansoek om bonusse vir tydelike werkers nie toegestaan word nie, maar as 'n blyk van waardering 'n bedrag van R1000.00 as 'n vergoedende toelaag aan tydelike werkers wat meer as 1 jaar werksaam is by die Beaufort Wes Munisipaliteit.

### 8.23 KWOTASIE: ELEKTRISE INSTALLASIES

6/2/1

**BESLUIT**

kk

Dat hierdie aangeleentheid na die eerskomende Raadsvergadering verwys word vir bespreking.

### 8.24 DROUGHT DISASTER DECLARATION AS APPROVED BY THE WESTERN CAPE CABINET: 25 NOVEMBER 2015

10/3/2/3/5

**NOTED**

### 8.25 LEAVE: DIRECTORS

SP

**NOTED**

### 8.26 REPLACEMENT OF THE DEMOCRATIC ALLIANCE (DA) PR COUNCILLOR WILLEMSE: WC053: BEAUFORT WEST

3/1/1/1

**NOTED**

## 8.27 NOTULE/VERSLAG VAN DIE 1STE ARBEIDSFORUM VERGADERING GEHOU OP 11 NOVEMBER 2015

**BESLUIT**

bpd

Dat die notule/verslag van die 1ste Arbeidsforum vergadering soos gehou op 11 November 2015 goedgekeur en aanvaar word.

## 9. OORWEGING VAN KENNISGEWINGS VAN MOSIES

**GEEN**

## 10. OORWEGING VAN KENNISGEWINGS VAN VRAE

**GEEN**

## 11. OORWEGING VAN DRINGENDE MOSIES

**GEEN**

Notule bekragtig hierdie _____ dag van _______________2015.

________________________________

**SM Motsoane**
**SPEAKER**